PE HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade



22 Januarie 2023 | 041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za

Besoekers en/of Nuwe intrekkers & -lidmate

Indien jy vanoggend 'n **besoeker** is hier by Hoogland vertrou ons dat vanoggend se diens vir u 'n belewenis en 'n Goddelike ontmoeting sal wees.
Indien u 'n **nuwe intrekker of -lidmaat** in die gemeente is:

Baie welkom - Mag Hoogland u geestelike tuiste word.

Neem asseblief die vrymoedigheid en kom ontmoet 'n leraar na die diens voor by die preekstoel. Gaan gesels gerus ook by die Gemeentedienste dame in die Voorportaal (sy staan by die tafel by die hoofdeur) vir enige navrae.
Neem in die brosjurevakkies 'n ***"Nuwe Lidmate"*** koevert of stuur 'n e-pos na annalize@pehoogland.co.za.
Gaan gerus ook na Hoogland se webblad by www.pehoogland.co.za onder *EK WIL…* en dan '*N LIDMAAT WORD* en voltooi die Inligtingsvorm aanlyn.

Baie Welkom : Program van die dag

09:00 Oggenddiens : Bevestiging van ds Sunell Ribbens

10:00 Tee-geleentheid na die diens in die Saal

Deurkollekte: Jerusalem Ministries

Geloofsvormingsgroepe 2023

Hoogland geloofsvormingsgroepe skop weer amptelik af op Sondag, 29 Januarie met die volgende :

- 09:00 Erediens
- 10:00 GVG Ouerontmoeting & Groepindeling

Almal is welkom! Indien u weet van nuwe intrekkers met kinders of maats wat wil aansluit, nooi hulle gerus saam! Baie dankie ook aan al die Mentors wat kom aanmeld het. Daar kort nou nog net 'n Mentor vir die Gr 8 groep. Bid asseblief daaroor en kom meld aan!

Hout beskikbaar

Hier is nog droë doringhout @ R35/sak. Ondersteun asseblief Pearston gemeente.

Kontak vir Annalize / Leon in die kerkkantoor as jy belangstel in hout en om reëlings te tref vir die afhaal van die hout!

Skryfbehoeftes vir MTR Smit

Help gerus MTR Smit met skryfbehoeftes vir die nuwe skooljaar. Bring asseblief Sondag 2 items saam vir Huis 5 se meisies.

Hulle benodig die volgende :
potloodsakkies / blou penne / HB potlode / uitveërs / liniale / skêre / skerp-makers / inkleurkryte / uitdraai inkleurkryte / koki's / inkleurboeke / "20p flip files" / pritt én óók kort wit skoolsokkies & kortmou, oopnek, wit skoolhemde - ouderdomme 6 tot 12 jaar asseblief.

Hoogland familie-kamp

Hoogland gaan weer kamp! Stof af jou tent en kom kamp hierdie jaar saam!
17 - 19 Maart 2023 by Innikloof (14 km buite Hankey)

Kostes beloop R 150 / volwasssene per nag & R70 / kind per nag
Bespreek by Leandra in die Kerkkantoor :

- Stuur 'n epos na - leandra@pehoogland.co.za
- Skakel Leandra in die kantoor - 041 367 1485
- Stuur 'n Whatsapp - 079 815 9325

Bewys van betaling kan gestuur word na leandra@pehoogland.co.za met verwysing KAMP+ jou naam

Noodspens

Die noodspens is feitlik dolleeg na die vakansie en die nood bly altyd groot. Die volgende word asseblief dringend benodig :

- Kits mieliemeel pap / suiker 500g pakkies / blikkies vis / tuna / bone / stampmielies / rys 1kg pakkies / koffie / tee / suiker / pakkies Imana soja maalvleis / gondboontjiebotter / konfyt / pasta veral ook 2 min Noodles
- Toiletware - seep / sjampoe / tandapasta

Hoogland neem met leedwese kennis van die afsterwe van Tannie Margarete du Preez. Haar vriendelike geselsies en opregte belangstelling sal gemis word.
Dink assblief aan haar kinders & kleinkinders in hierdie hartseertyd.

Uit die Hart

Die bevestiging van 'n leraar (soos wat ons Sondag sal beleef), is nie sommer maar net die amptelike begin van 'n dominee se werksaamhede in 'n Gemeente nie. In die formulier vir die bevestiging van leraars, lees ons die volgende:

"Jesus Christus maak van die diens van mense gebruik om deur sy Woord en Gees sy kerk bymekaar te bring, te regeer en op te bou."

Dit is nie net van dominees waar nie, maar van elke gelowige: Jesus Christus maak van die diens van mense gebruik in Sy Koninkryk: my en jou diensbaarheid. Sommige doen dit in amptelike diens van die kerk; almal doen dit in ons na-leef van Jesus se voorbeeld.

God het Hoogland geroep om familie te wees wat saam groei in geloof, almal liefhet en 'n verskil maak. Mag Hy ons so werksaam vind wanneer Hy weer kom.

Ds Sunell: Baie welkom hier by Hoogland waarheen God jou geroep en gestuur het. Hoogland sal vir jou bid en jou ruimte gee om jou besondere bediening uit te leef.

Ons bid graag vir jou die volgende gebed:

"U wat die harte van almal ken, het vir Sunell geroep, toegerus en gewillig gemaak om hierdie diens te aanvaar. Daarom bid ons dat U haar opreg en getrou sal maak in die aanvaarding en uitvoering van haar amp.

Seën haar met ongemak oor maklike antwoorde, halwe waarhede en oppervlakkige verhoudings sodat sy uit U liefde kan leef. Gee haar woede oor onreg, onderdrukking en uitbuiting sodat ons saam kan werk vir geregtigheid, vryheid en vrede. Gee vir haar genoeg dwaasheid om te glo dat sy 'n verskil kan maak in hierdie wêreld, sodat sy dinge sal doen wat ander mense dink nie gedoen kan word nie. Amen"

Ds Pieter